

Sosiologiese en antropologiese insigte en die studie van die Hebreeuse Bybel: 'n Bestekopname¹

Paul A Kruger

Departement Antieke Studie
Universiteit van Stellenbosch

Abstract

Sociological and anthropological insights and the study of the Hebrew Bible: A review

This article reviews the main trends in the social-scientific study of the Hebrew Bible. It focuses on the following central issues: the theoretical principles underlying this approach, anthropologists and the Hebrew Bible, the Hebrew Bible and comparative anthropology, anthropological evidence from African cultures, and the Hebrew Bible in social-scientific research: perils and prospects.

1. INLEIDING

Met 'n oproep so eie aan die agtiende-eeuse Romantiek, spoor Herder sy lesers van die Hebreeuse Bybel soos volg aan: "Word met die herders 'n herder, met die akkerbouvolk, 'n landbouer, met oeroue Oosterlinge, 'n Oosterling, as u hierdie geskrifte in die gees van hulle oorsprong wil geniet" (Suphan 1879:14).² Hierdie uitspraak kan met reg gesien

¹ Die finansiële bystand gelewer deur die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling (National Research Foundation) vir hierdie navorsing wat gedurende Februarie-Junie 1998 in Leuven en Tübingen plaasgevind het, word hiermee erken. Menings uitgespreek en gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die outeur, en moet nie noodwendig aan die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling toegeskryf word nie.

² "Werden Sie mit Hirten ein Hirt, mit einem Volk des Ackerbaus ein Landmann, mit uralten Morgenländern ein Morgenländer, wenn Sie diese Schriften in der Luft ihres Ursprunges geniessen wollen ...". Dit kom uit Herder se tweede brief oor die tema: "Das Studium der Theologie betreffend" (1780-81).

word as die aanvanklike impuls tot die religieus-sosiologiese ondersoek van die Hebreuse Bybel wat honderd jaar later eers ernstig mee begin is (Kraus 1972:297).

Hierdie “terugroep van die verlede” in ’n poging om die Bybelse gewens beter te verstaan, is tot baie onlangs gedomineer deur veral twee metodes van ondersoek: die historiese en die literêre (literêr-kritiese, tradisie-historiese, retories-kritiese, ens). Gedurende die laaste twee dekades was daar in beide die Ou- en Nuwe-Testamentiese wetenskappe ’n betekenisvolle ontwikkeling op die gebied van Bybelinterpretasie wat deur sommige as ’n nuwe metode naas genoemde twee beskryf word (Malina 1993) en deur ander as ’n aftakking van die historiese benadering (Theissen 1979; Elliott 1991; kyk ook Barton 1997). Dit het, en gee nog steeds, aanleiding tot ’n nuwe golf van optimisme. Malul (1996:194) beweer, byvoorbeeld: “In my opinion, anthropological insights and methods are immensely useful and helpful in throwing much light – sometimes unexpected – on the Bible and the ancient Near Eastern evidence.” Eilberg-Schwartz (1990:24) sluit hierby aan as hy sê: “A turn toward anthropological cross-cultural traditions can provide a fresh set of questions to ask ... and new ways of answering those questions.”

Enige nuwe insigte is baie welkom in ’n wetenskap “... where nothing is considered definitive, where every single topic seems to be in a state of dissolution and fluidity” (Lemche 1990:75; kyk ook Carter 1996:3). Ander, weer, noem dié ontwikkeling ’n “paradigmaskuif” (kyk Sigrist & Neu 1989:7 en Whitelam 1995) wat daarin bestaan dat nie meer soseer gefokus word op die sosiaal-historiese omgewing waarin die tekste tot stand gekom het nie, maar wat die tekste self bestudeer as uitdrukkingsvorme van sosiale ontwikkelingsprosesse (Roloff 1996:352). Of soos Davies dit verwoord: daar moet onderskei word tussen “... the society *behind* the text and the society *within* the text” (Davies 1994:23; kyk ook Carter 1996:4).

Die sosiaalwetenskaplike benadering neem primêr stelling in teen die “fallacy of idealism” wat argumenteer dat historiese prosesse begryp moet word in ooreenstemming met onderliggende idees: “The sociological approach as opposed to the ‘idealistic fallacy’ means a general acceptance of the sociology of knowledge approach This insists that we properly understand ideas only in terms of the social context in which they come to expression, and which they embody” (Best 1983:183).

Verskillende redes word aangevoer vir hierdie na vore tree van die sosiologies-antropologiese metode in die sewentigerjare:

- *Wetenskaplik*: Theissen (1979), wat die benadering in die Nuwe-Testamentiese wetenskap laat herleef het, verwys na die groeiende “Unbehagen” (Scroggs 1980: 165) van ’n dissipline waar die enigste aanvaarbare metodes van ondersoek op daardie stadium die historiese en teologiese was.
- *Polities*: Scroggs (1980:165) gee as moontlike aanleidende oorsaake tot die opbloeï van dié rigting die opkoms van die neo-liberalisme en die sosiale spanning wat voortgespruit het uit die Viëtnam-oorlog, studente-revolusies en ernstige ekonomiese en politieke onderdrukings in baie dele van die wêreld.
- *Religieus*: Otto (1981:88) sien in die sosiaal-historiese interesse in Bybeltekste die drang tot ’n nouer integrasie tussen “Glaube und Alltag”. Dit het veral neerslag gevind in die opbloeï van bevrydingsteologiese, materialistiese en sosiaal-historiese lesings van die Bybel (vir laasgenoemde, kyk veral Oesch 1992, met literatuur).
- *Antropologies*: Sedert die studies van Frazer aan die einde van die vorige eeu en weer in die vyftigerjare was daar, veral in die Engelse sosiale antropologie, ’n toenemende belangstelling in die Hebreeuse Bybel as toepassingsterrein van antropologiese teorieë (kyk byvoorbeeld die studies van Steiner 1954 en Schapera 1955). Dit was egter veral die bydraes van die antropoloog Douglas (veral haar 1966-studie; kyk ook Douglas 1993) en Leach (kyk Culley 1985 vir ’n lys van sy studies) wat die vonk verskaf het vir baie van die tipe studies wat hierna gevolg het (vergelyk in die besonder Eilberg-Schwartz 1990; Gorman 1990; Jenson 1992; Houston 1993; Goldberg 1996).

Die toepassing van sosiaal-antropologiese insigte op Bybels-Hebreeuse tekste is egter geen nuwe verskynsel nie. Reeds aan die einde van die vorige eeu het Robertson Smith al ’n beroep gedoen op antropologiese gegewens toe hy die Israelitiese kultuur vergelyk het met die van die Arabiese Bedoeïne (1885). In die twintigste eeu het hierdie tendens ingang gevind in, onder andere, die vormkritiese studies van Gunkel met sy klem

op die sosiale milieu (*Sitz im Leben*) van literêre tekste. Hoewel daar ook origens gefokus is op die sosiale institusies van Oud-Israel (kyk die studies van Pedersen 1926; Bertholet 1919; De Vaux 1965), het die ondersoek plaasgevind sonder inagnam van die sosiale kontekste waarin die tekste ontstaan het en sonder 'n beroep op 'n spesifieke wetenskaplike teorie (Welten 1989:213; kyk ook Schottroff 1974:47). Deurentyd het die bydraes in die skadu gebly van Gunkel (1913:24) se uitspraak. Vir hom was eksegeese altyd teologiese eksegeese: "Bybeleksegeese is teologiese eksegeese; wie 'n Bybelboek wil verklaar, moet die teologiese inhoud daarvan verklaar".³ Daarom het die studie van die sosiale werklikheid van Israel altyd die status van 'n hulpwetenskap gehad (Schottroff 1974:47). Met die opkoms van die Dialektiese Teologie en die Eksistensialisme (1930-70) het sosiaal-historiese eksegeese egter nog verder op die agtergrond geskuif (Rolloff 1996:352).

Verskeie ander redes word ook nog aangevoer vir die verwaarlosing van die sosiaal-antropologiese dimensie in Bybelinterpretasie. Een hiervan is, byvoorbeeld, ideologiese gekleur. Volgens Eilberg-Schwartz (1990:3) sou Bybelgeleerdes teësinne wees om vergelykende etnografiese data op Israel van toepassing te maak omdat so 'n werkwyse 'n stilswyende erkenning sou impliseer dat die Bybelse volk gemeenskaplikhede met die "primitiewe" kulture het en dit sou te veel gevra wees (vgl ook Gottwald 1979:8). 'n Ander rede, wat op die vlak van wetenskaplike benadering lê, word deur Wilson (1984:25) genoem: "... Old Testament critics often wrenched the comparative material out of its social context and then embedded it in a comprehensive social theory that was frequently dominated by an evolutionary perspective" (vgl ook Hahn 1954:63; Rogerson 1978:26).

Sedert die opkoms van dié benadering in die laat sewentigerjare, het 'n magdom literatuur in die verband verskyn en is dit moeilik om te bepaal wat in so 'n bibliografie in- en wat uitgesluit behoort te word (kyk Rogerson 1978 en Lang 1980, vir die literatuur tot 1980; Mayes 1989; Kreuzer 1992; Carter 1996; Chalcraft 1997 vir die periode daarna). Dikwels word stilswyend met 'n sosiaal-antropologiese metode geopereer sonder dat dit pertinent beskryf word. Terwyl dit aanvanklik Angelsaksiese geleerdes was wat hulle

³ "Bibeleksegeese ist theologische Exegese; wer ein biblisches Buch erklärt, soll seinen religiösen Gehalt erklären."

in die opsig van die Hebreuse Bybel op antropologiese modelle beroep het, vind die benadering ook toenemend inslag in Duitse kringe (kyk veral Crüsemann 1978; Fleischer 1989; Sigrist & Neu 1989, 1992; Neu 1992; Albertz 1992; Niemann 1993; Golka 1993; 1996, Kellenberger 1997; Jericke 1997).

Twee terreine het ten opsigte van Oud-Israel spesiale aandag gekry, te wete Vroeë Israel (en die vorming van die staat) en die verskynsel van profesie. In die laaste paar jare het kultiese tekste uit veral die Pentateug ook onder die sosiaal-antropologiese soeklig gekom (kyk, bv die studies van Gorman 1990; Jenson 1992; Houston 1993), terwyl toepassing van dié beginsels op wysheidstekste ook nie uitgebrei het nie (kyk Golka 1993, 1996). Sedert die herlewing van die metode was en is die volgende aspekte van sentrale belang en die oogmerk van hierdie bydrae is om oor elk van die aspekte 'n paar opmerkings te maak: (1) teoretiese grondslae en 'n oorsigtelike historiese verloop, (2) antropoloë en die Hebreuse Bybel, (3) die Hebreuse Bybel en die vergelykende antropologie, (4) antropologiese gegewens uit Afrika en (5) die Hebreuse Bybel in sosiaal-antropologiese perspektief: winste, probleme en vooruitsigte.

2. TEORETIESE GRONDSLAE EN 'N OORSIGTELIKE HISTORIESE VERLOOP

Die Verligting was die impetus vir die ontstaan van die sosiale wetenskappe en in die besonder vir die begin van die dissiplines van die sosiologie en antropologie (Lenski & Lenski 1974:21ev; kyk ook Carter 1996:5). Dis soms baie moeilik om 'n duidelike onderskeid te tref tussen die dissiplines van die sosiologie en die sosiale/kulturele antropologie. Een manier om dit te doen, is om te sê dat antropoloë sogenaamde pre-industriële gemeenskappe ondersoek, terwyl sosioloë hulle besig hou met die institusies van meer komplekse samelewings (Rodd 1990:635). Tog is daar antropoloë en sosioloë wat so 'n onderskeid net vir 'n halwe waarheid hou. Vir baie van hulle lê die wesenlike verskil in die aard van die ondersoek en die wyse waarop hulle hulle vakgebiede bedryf. Antropoloë ondersoek die totaliteit van relasies tussen mense in 'n gegewe sosiale eenheid, terwyl sosioloë hulle op spesifieke institusies toespits. Ook verskil die tegniek van ondersoek: antropoloë gaan gewoonlik woon tussen die mense wat die objek van hulle studie is (die sogenaamde "participant observation"), terwyl sosioloë dikwels van

empiriese metodes soos vraelyste gebruik maak (Rodd 1990:635; kyk ook Rogerson 1978:9ev).

Voorts word daar 'n onderskeid gemaak tussen die sosiale antropologie (Engeland) en kulturele antropologie (Amerika; kyk Oesch 1992:5). In Duitsland is die benaming "antropologie" ook nie so eenduidig nie. Dit hang daarmee saam dat die tipering 'n lang geskiedenis het wat reeds al in die tyd van die Humanisme (vyftiende eeu en verder) verwys het na die "wetenskap van mense" as teenhanger van die "wetenskap van die teologie" (Fischer 1992:8). Daar word verkies om van die beskrywing "etnologie" te praat terwyl "antropologie" gereserveer word vir fisiese antropologie (Fischer 1992:8).

Gegee die feit dat die wetenskap van die Hebreeuse Bybel van huis uit 'n historiese dissipline is, is dit nodig om ook te verwys na die wesenlike verskil in aanpak tussen die sosiologiese en historiese vakgebiede. Sosiologie is daardie vertakking van die sosiale wetenskappe wat 'n studie maak van "... the regularities in social conduct that are due neither to psychological traits of individuals nor to their rational economic decisions but that are produced by the social conditions in which they find themselves" (Blau & Moore 1970:1). Anders geformuleer, die sosiologie is geïnteresseerd in die nomotetiese aspekte van wetenskaplike ondersoek, terwyl die geskiedwetenskap weer idiografiese oogmerke nastreef. Die klassieke onderskeid in skopus tussen die twee wetenskappe gaan terug na Wilhelm Windelband wat eersgenoemde (die nomotetiese) verbind met herhaalbare gebeurtenisse wat hulle altyd weer voordoën, terwyl laasgemelde (die idiografiese) van toepassing is op die onherhaalbare, die sonderlinge, die spesifieke (Mandelbaum 1977: 4-14; kyk ook Wilson 1984:13; Herion 1986:26).

Sosiologiese teorieë het sedert die einde van die negentiende eeu, met die aanvang van sosiaal-antropologiese benaderings tot die Hebreeuse Bybel, 'n invloed gehad op die wyse hoe die ondersoeke bedryf is. Baie van hierdie gesigspunte het deur die tyd so deel geword van die algemene gereedskap waarmee Bybelgeleerdes opereer, dat dit nie meer in hulle aanpakke vermeld word nie. Vir die doel van hierdie bydrae is dit daarom nodig om na die belangrikste van die benaderings te verwys wat vanaf die geboorte-uur van die sosiaal-antropologiese ondersoek van die Bybel aanwesig was en wat vandag nog (in

meerdere of mindere mate) die uitgangspunte en resultate van wetenskaplike studies van dié aard bepaal.

Die eerste persoon wat sy voet op dié weg begeef het, was Robertson Smith aan die einde van die negentiende eeu. Twee van die beginsels wat hy in sy studies van toepassing gemaak het, word vandag nog, natuurlik in aangepaste vorm, in baie van hierdie tipe ondersoeke teruggevind. In lyn met die (evolusionistiese) denke van sy dag, het hy geglo dat die eenvoudigste vorm van 'n instelling die basis verskaf het waarvolgens die meer ontwikkelde vorm daarvan verstaan kan word (kyk Hahn 1954: 47). Voordat Darwin in 1859 sy beroemde boek oor die ontstaan van die verskillende spesies die lig laat kyk het, het die sosioloog Spencer reeds al sy wet van "kosmiese evolusie" geformuleer waarvolgens daar op alle vlakke van die werklikheid 'n sekere ontwikkelingsgang geregistreer kan word: vanaf 'n "indefinite incoherent homogeneity" tot 'n "definite coherent heterogeneity" (Laeyendecker 1986:1227). Die beginsel opereer met die konsep van holisme in ooreenstemming waarmee sosiale komplekse aangedryf word deur endogene faktore: vir Comte was dit, byvoorbeeld, idees; vir Marx ekonomiese aspekte. Verder, alle sosiale strukture wat 'n gelykwaardige struktuur gehad het, se ontwikkeling het op dieselfde wyse verloop. Ontwikkelingsfases soos die volgende is geïdentifiseer: teologies – metafisies – positivisties (Comte); antiek – feodaal – kapitalisties – sosialisties (Marx); meganiese en organiese solidariteit (Durkheim); "Gemeinschaft" (gemeenskap) en "Gesellschaft" (samelewing) by Tönnies (kyk Laeyendecker 1986:1228-1229 en Carter 1996:6).

Soos in die geval van Robertson Smith in sy *Lectures on the religion of the Semites* (1889), het die teorie van evolusie ook 'n impak gehad op Wellhausen wat dit grotendeels op 'n literêre wyse aangewend het. 'n Vorm hiervan (dialektiese materialisme onder invloed van Marx) het vroeg in die eeu 'n verskyning gemaak in die werkie van 'n dosent van Moskou (Lurje 1927) wat 'n studie gemaak het van die "klassestryd" in Israel vanaf die intog tot die ballingskap. Wat fassinerend is aan dié boekie is dat die skrywer daarin sosiale vraagstukke onder die loep neem wat eers heelwat later (in die sewentigerjare) sentrale punte van ondersoek in sosiaal-historiese en materialistiese Bybeluitleg geword het (kyk Oesch 1992). Dat so 'n werk op daardie stadium ingesluit is in die hoogaangeskrewe BZAW-reeks, is, volgens Welten (1989:215), te danke aan die

“liberaalgesindeid” (“Liberalität”) van die toenmalige redakteur, Gressmann. Die studie het geen eggo in die Duitse wêreld gehad nie, maar wat een resensent (Baumgartner, in *Theologische Literaturzeitung* 52, 1927) daaroor te sê gehad het, het in breë trekke profeties saamgevat wat later, en tot op hede, van die sosiaal-historiese wyse van Bybeleksegese gesê kan word: dit bring vrae in die gesigsveld en maak mens sensitief vir sake “was bis dahin nicht genügend gesehen wurde” (soos aangehaal deur Welten 1989: 215). In die onlangse verlede het die evolusionistiese beginsel, waarna flussies verwys is, in ’n ander gedaante (as kultuurevolusionisme/kultuurmaterialisme) neerslag gevind in die werke van Gottwald (1979) en ’n dekade later in die evolusionistiese benadering van Lemche (1985, 1988).

’n Ander belangrike prinsiep wat Robertson Smith benadruk, is dat kultuur ’n omvattende sisteem is waar die verskillende kulturele elemente mekaar wedersyds beïnvloed. Hy werk die beginsel, naamlik dat daar ’n noue verband bestaan tussen religieuse idees en die spesifieke sosiale organisasie waarin ’n gegewe gemeenskap sigself op ’n bepaalde tydstip bevind, volledig uit in sy *Kingship and marriage in Early Arabia* (1885). Vergelyk byvoorbeeld ook die bekende uitspraak in sy *Lectures on the religion of the Semites* (1889) oor die sosiale aard van religie: “A man did not choose his religion or frame it for himself; it came to him as part of the general scheme of social obligations and ordinances laid upon him, as a matter of course, by his position in the family and in the nation” (Smith 1923:28). Hierdie gedagte van die noue samehang tussen die verskillende kultuurdomeine het een van die grondpeilers van die sosiale antropologie en veral van die funksionalisme gebly en word ook teruggevind in die werke van Durkheim, Radcliffe-Brown en Evans-Pritchard.

Naas die evolusionisme in verskillende gestaltes, was dit veral die gedagte-rigtings, soos verteenwoordig deur Durkheim en Weber, wat die Bybelwetenskappe vanaf die sewentigerjare dieppliggend beïnvloed het met terme soos ideaaltipes, konflikteorie, funksionalisme/sisteemteorie, en so meer. Vir ’n beter begrip van die verhouding tussen Bybelwetenskappe en die sosiale wetenskappe, is dit belangrik om die kerngedagtegedante grondslag van elk van hierdie twee groot tradisies kortliks weer in herinnering te roep, omdat hulle wesenlik bepaal hoe daar vandag nog in sosiaal-antropologiese opsig oor die Hebreeuse Bybel gedink word (vgl hier veral Mayes 1989 wat ’n verhelderende studie

van die “twee rigtings” maak; kyk ook Malina 1982). Elk van die twee tradisies benadruk ’n belangrike aspek in die wetenskap van die sosiologie. Vir Weber was dit die *indiwidu*, vir Durkheim die *gemeenskap*.

Vir Weber met sy pleidooi vir ’n “Verstehende Soziologie” (Kreuzer 1993:27) het die gemeenskap ten diepste te make met die organisasie van individue en is sosiologie dié wetenskap wat ’n studie van die gegewendheid maak. Weber se werk wat die grootste invloed op Bybelstudies uitgeoefen het, was sy *Ancient Judaism* (1917-1919; kyk ook sy *The sociology of religion* [1922] waarin hy ’n sistematiese analise aanbied van sekere analitiese konsepte in Judaïsme). Met die intrapslag in sy *Ancient Judaism* vra hy om verskoning dat hy as sosioloog op teologiese terrein oortree: “From the outset, in our attempt to present developmental aspects of Judaic religious history relevant to our problem, we entertain most modest hopes of contributing anything essentially new to the discussion, *apart from the fact that, here and there, some source data may be grouped in a matter to emphasize some things differently than usual*” (Weber 1952:425; my kursivering). Reeds hier hoor ons dat die sosiologiese aanpak andersoortige vrae stel.

Durkheim, aan die ander kant, handhaaf ’n ander beginsel, naamlik die prioriteit en outonomie van die sosiale dimensie. Sosiale verskynsels kan alleen verstaan word in terme van ander sosiale fenomene eerder as op grond van die geniale insette van individue (Mayes 1989:27). Wel bekend is Durkheim se klassieke uitspraak: “Social facts (‘faits sociaux’) should be treated as ‘things’” (Giddens 1995:347).

Ruimte ontbreek om hier grondig in te gaan op die geskiedenis van navorsing wat in die Weber- of die Durkheimtradisie gevolg het (vgl Mayes 1989 wat tot op daardie stadium ’n analise van die gepubliseerde studies gemaak het). Wat wel belangrik is om te onthou, is dat reeds in die eerste studies, wat die weg gebaan het vir die nuwe renaissance van sosiaal-antropologiese insigte op die Hebreeuse Bybel, die twee gedagtelyne (die Weberiaanse en Durkheimse) al aanwesig was en dat hulle tot op hede nog studies van die aard bepaal. Hierdie “eerstes” waarna verwys word, is dié van Mendenhall (1962, 1973) en Gottwald (1979). Waar Mendenhall aansluiting vind by Weberiaanse gesigspunte (vgl sy beskrywing van Vroeë Israel as ’n idealtipe “covenant community” wat ’n proses van “Gemeinschaftung” na “Gesellschaftung” deurloop, met die profete as charismatiese individue wat poog om dié ontwikkeling te stuit; kyk veral Mendenhall

1962:73ev), vind Gottwald nouer aansluiting by die Durkheim-beginsels vir 'n beskrywing van Vroeë Israel se sosiale geskiedenis.

Om aan te dui hoe Israel se "materialiteit" alle ander kulturele terreine bepaal het, maak Gottwald (1979:608-621) deels gebruik van 'n struktureel-funksionalistiese benadering uit die Durkheim-stal wat hy dan komplementeer met 'n kultureel-materialistiese model uit die Marxisme (Gottwald 1979:622-649). Waarin Gottwald basies geïnteresseerd is, is om 'n "sosiologie van religie" te skryf, met ander woorde, "... an understanding of religion in ancient Israel as a basically social reality" (Gottwald 1979:18). Omdat hy aanvanklik nie belangstel in die religie van Israel as 'n historiese realiteit nie, maar hoe dit saamhang met ander kulturele domeine, bedien hy hom van 'n struktureel-funksionele model wat kultuur ondersoek as 'n sosiale sisteem: "A social system so viewed encompasses the spheres of economics, social order, political order, religion, and includes such specialized communal activities as law and warfare" (Gottwald 1979:18). As religie so as 'n struktureel-funksionele komponent van die Israelitiese kultuur ondersoek word, dan, volgens Gottwald (1979:609): "... Yahwism is a function of Israelie tribalism", met ander woorde, dit staan in direkte afhanklikheid tot die sosiale struktuur (wat in daardie vroeë stadium egalitêr was). Dit is egter nie net eenrigtingverkeer nie. Die omgekeerde kan ook gebeur, naamlik dat daar 'n positiewe werking van die Jahwisme op die gemeenskap uitgaan wat ter bevestiging dien van die egalitêre relasies, en dit in so 'n mate dat Gottwald (1979:646) dit as "... the single most significant servomechanism for the society" beskryf. Gottwald is egter terdeë daarvan bewus dat die funksioneel-strukturalistiese benadering wat hy aanlê, a-histories is en dat dit opereer met gemeenskappe in ekwilibrium. Daarom brei hy sy model uit met 'n kultureel-materialistiese dimensie "... to deal with processual sequences and with social causation" (Gottwald 1979:622; vir kritiek teen die wyse waarop Gottwald Marxistiese beginsels toepas, kyk Mays 1989:111ev). Indien die Jahwisme so in 'n historiese verloop van oorsaak en gevolg besien word, blyk die sosiaal-deterministiese wortels daarvan nog duideliker: "The historical cultural-material hypothesis is that Yahwism is derivable from the social system as a whole and meaningful only in the frame of reference and realm of discourse provided by social relations of which it was a particular form of symbolic expression" (Gottwald 1979:647; kyk ook Brandfon, 1981:108, wat Gottwald beskuldig van 'n ander vorm van

idealisme). Vir charismatiese individue (soos die profete) is daar in so 'n voorstelling egter geen eie plek nie (kyk Long 1982 en Hobbs 1985 se kritiek teen die geringskatting van die individu in die Durkheim-tradisie). Waaroor dit dus ten diepste vir beide Mendenhall (in navolging van Weber) en Gottwald (op voetspoor van Durkheim) gaan is: "Do we have religious ideas, innovations and movements, the insights of individuals who are somehow free of the social and economic conditions in which they live; or do all such ideas, innovations and movements reflect social and economic innovations and movements which are taking place according to society's own internal laws" (Mayes 1988:269). Oor hierdie fundamentele vrae het nóg die sosiologie, nóg die antropologie, nóg die Bybelwetenskappe helderheid en gaan hulle nog lank strydpunte bly (vgl Fikentscher [1995] se onlangse boek wat uit antropologiese hoek aan hierdie vraagstelling aandag gee).

'n Ander gedagterigting wat baie raakpunte met funksionalisme bevat en wat grondig daardeur beïnvloed is, is strukturalisme. Soos reeds gemeld, word beide rigtings eng aan Durkheim verbind. Terwyl funksionalisme argumenteer dat kulturele elemente steeds kontekstueel verstaan moet word, omdat opvattinge, idees, handelinge, sosiale optrede, ensovoorts, integrale aspekte van 'n gesamentlike sisteem vorm en derhalwe nie onafhanklik van mekaar ondersoek mag word nie, benadruk strukturalisme die konsep van "sosiale struktuur" wat ten grondslag van die sigbare fenomene lê. Dit was die verdienste van Lévi-Strauss wat onder invloed van die strukturele linguïstiek van De Saussure van dié beginsels op die etnologie oorgedra het (Amborn 1992:338).

Die betrekking van strukturele beginsels op Bybels-Hebreeuse data is interessant genoeg deur antropoloë self geïnisiëer (kyk onder) en aanvanklik het dit 'n literêre toepassing gevind (bv by Leach). Die bydrae van Leach, wat die literêre potensiaal van strukturalisme ontgin het, sal nie verder hier bespreek word nie (kyk Culley [1985], se lys van sy bydraes en 'n kort bespreking; kyk ook Rogerson 1978:102ev). Dit was egter veral die studies van Douglas wat Bybelgeleerdes weer laat kennisneem het van die waarde van die antropologie met betrekking tot die Hebreeuse Bybel. Die hoofstuk "Abominations of Leviticus" in haar boek *Purity and danger* (Douglas 1966:41-57) was die een wat wye belangstelling gewek het. Daarin voer sy (antropologiese) redes aan waarom sekere aspekte in Israel as "onrein" geklassifiseer is. Basies kom haar teorie

daarop neer dat die menslike psige 'n ingeboude geneigdheid het om ervarings volgens binêre opposisies te orden. Sodanige vorme van klassifikasie lei daartoe dat sekere aspekte hulleself as anomalieë op grond van so 'n klassifisering voordoën. So byvoorbeeld, is die konsep "vuil" ("dirt") 'n relatiewe beskrywing wat nie in die primêre instansie met higiëne te make het nie. "Dirt" is volgens so 'n kategorisering "matter out of place" (Lang 1985:9). In haar *Implicit Meanings* (1975) werk sy hierdie gedagte nog verder uit en verbind dit met Durkheim se opvatting dat alle kennis sosiaal gedetermineer is (kyk ook Budd 1989:284). Douglas (1975:58) verskaf voorts nog 'n sosiale aanleiding vir die invoer van sodanige wette teen onreinheid: dit beskerm 'n gemeenskap se "... most vulnerable domains, where ambiguity would most weaken the fragile structure" (vir kritiek teen Douglas se klassifikasiesistiem, kyk Davies 1977; Carroll 1978; Meigs 1978; Hunn 1979; Firmage 1990; vgl ook Douglas [1993] se mees onlangse studies).

Baie studies in die negentigerjare, veral oor die boek Levitikus, sluit aan by die insigte van Douglas en ander antropoloë, soos Van Gennep (1909) en Turner (1967, 1969; kyk Gorman 1990; Milgrom 1991; Jenson 1992; Gerstenberger 1993; Houston 1993; Whitekettle 1991, 1995 en die resente studies van Sawyer 1996 en Klingbeil 1997). Die eerste Levitikuskommentaar wat aansluiting vind by die gedagtes van Douglas, is die een van Wenham (1979; kyk ook Wenham 1983).

Een van die mees onlangse studies wat gewys het op die winste wat so 'n struktureel-antropologiese benadering ten opsigte van die verstaan van die Hebreeuse Bybel kan bring, is die boek van Eilberg-Schwartz (1990). Eilberg-Schwartz is nie van huis uit 'n antropoloog nie, maar dit is gepas om ook hier na sy studie te verwys omdat dit 'n sinvolle integrasie en toepassing verteenwoordig van die funksioneel-strukturele grondbeginsels vanaf Durkheim, via die Engelse sosiale antropoloë (Radcliffe-Brown, Evans-Pritchard, Douglas, Turner), tot by die werke van Lévi-Strauss. Dit is werklik 'n vindingryke aanpak met 'n veelheid oortuigende argumente. Na die lees van die werk moet mens met Oden (1993:229) saamstem dat dit "... will long remain on scholars' shelves after other volumes have been discarded." Die betekenis van Eilberg-Schwartz se boek lê hoofsaaklik op twee vlakke. Eerstens, die onderliggende ideologie by die skryf van die boek en tweedens, die konstante (en innoverende) wyse waarop hy uitvoering gee aan die strukturalistiese model wat hy as uitgangspunt aanvaar.

In die eerste deel van sy boek (Eilberg-Schwartz 1990:1-28) neem hy op 'n heftige manier die swaard op teen diegene wat vir te lank beweer het dat "... interpreters of Judaism had little if anything to learn from either the discipline of anthropology or comparative enquiry" (Eilberg-Schwartz 1990:ix). Religieuse opvattings, soos vervat in die Hebreeuse Bybel, kan nie aanspraak maak op 'n hoër trap van ontwikkeling en daarom op 'n eiesoortige wyse van benadering in vergelyking met die ander sogenaamde "primitiewe" religieë nie. Die kategorieë van beskrywing bly dieselfde. In die tweede deel van die boek (Eilberg-Schwartz 115-234) bekyk hy sentrale aspekte in die Israelitiese religie en Judaïsme, wat vir 'n lang tyd as "oorblyfsels" ("survivals") uit vorige tye gereken is (bv diere-metafore, besnydenis, simboliek van verskillende uitskeidings van die menslike liggaam, skepping, ens), vanuit 'n struktureel-antropologiese invalshoek. As uitgangspunt beroep hy hom op twee belangrike beginsels uit die Lévi-Strauss-tradisie:

- dat strukturele analise, net soos die linguistiek, uitgaan van die veronderstelling dat betekenis altyd relasioneel is, en
- dat ten grondslag van alle samelewingsinstitusies en simbole sekere onderliggende universele strukture lê wat die eie aard daarvan bepaal.

In navolging van Radcliffe-Brown en Lévi-Strauss beweer Eilberg-Schwartz dat, wat Israel betref, die vorme (hy noem dit "metafore") na aanleiding waarvan die samehange in die mensewêreld verstaan word, geneem is uit die plante- en dierewêreld. Terwyl Robertson Smith die feit dat baie Bybelse karakters nog diere name dra, verklaar as oorblyfsels van totemisme, beskou hy dit as "foundation/root metaphors." "... animals, and to some extent the fields and their produce, were conceived of as a world parallel to Israelite society. The other world both reflected Israelite experience of life and served as a model for what Israelite communal and individual life should and could be" (Eilberg-Schwartz 1990:121). In kort dus: "... the metaphor suggests that the animals and fields are in some sense like Israelites" (Eilberg-Schwartz 1990:124). Hierdie beginsel van analogie word vervolgens geïllustreer aan die hand van 'n veelheid plante- en diere-metafore en die aktualisering daarvan in die rituele lewe (Eilberg-Schwartz 1990:120ev).

Hierna behandel hy die gebruik van inisiasie en liggaamlike uitskeidings en opereer deurentyd met die struktureel-simboliese beginsel dat kulturele items nie toevallig is nie, maar gelaai met 'n spesifieke simboliek (Eilberg-Schwartz 1990:141ev). Eilberg-Schwartz se belangrikste bydrae is daarin geleë dat hy na dieper simboliese betekenis soek in kulturele gegewens waaroor dikwels vinnig heen gegaan word.

3. ANTROPOLOË EN DIE HEBREEUSE BYBEL

As mens 'n ondersoek doen na die toepassing van sosiaal-antropologiese insigte in Bybelinterpretasie is dit belangrik om te besef, soos Lang sê, dat "'die etnologiese golf van die eksegete deur 'n 'Bybelse golf' van etnoloë voorafgegaan is"⁴ (Lang 1984:158). Toe Frazer se massiewe drie bande *Folklore in the Old Testament* in 1918 verskyn het, was die Ou Testament vir 'n kort tydjie gesprekstof vir die antropologiese wêreld (Lang 1984:158). Frazer het egter nie navolging gevind nie en die vergelykende metode het vinnig in diskrediet geraak. Die rede hiervoor moet gesoek word in die wyse waarop Frazer (en die ander pionier van die negentiende eeu, Tylor) met die tipe materiaal omgegaan het: "In particular, they did not ask how particular beliefs or practices of a society functioned as parts of a coherent set of symbols or values. They wrenched beliefs and practices from their contexts, forcing them into grandiose theories about the evolution of culture" (Rogerson 1990:26). Tog was daar enkele gevalle waar etnoloë na Bybelse vergelykende materiaal verwys het ter opheldering van gegewens in hulle eie veldwerk. Een van die heel vroegste voorbeelde in die opsig was die studie van Merker (1904) waarin verwys word na die motief-ooreenkomste (skepping, vloed, ens) tussen 'n Afrikastam en die volk in die Bybel. Merker voer die ooreenkomste terug na die feit dat die Masai en die Israeliete oorspronklik een volk was (kyk ook Torrend 1910 se ondersoek kort daarna).

Soos gemeld, was dit egter eers in die vyftiger- en sestigerjare dat die Bybel weer opnuut die belangstelling van antropoloë begin prikkel het en dat Bybelgeleerdes hulle as gevolg daarvan tot die antropologie begin wend het vir nuwe insigte. Hierdie beroep op

⁴ "Tatsächlich ging dieser 'ethnologischen Welle' der Exegeten eine 'biblische Welle' der Ethnologen voraus."

die Hebreeuse Bybel was van tweërlei aard. Eerstens, het Bybelse inligting die breë agtergrond verskaf waarteen verskynsels en ervarings wat in antropologiese veldwerk teëgekomp is, gemaak is. So byvoorbeeld, maak die antropoloog Field melding van 'n sekere antropoloog en kliniese psigiater wat 35 jaar van sy lewe in 'n Wes-Afrikaanse dorpie gewerk het wat sê: "I have become thoroughly familiar not only with certain mental phenomena seldom seen in Europe (such as 'spirit possession') but also with some almost universal primitive customs ... On re-reading the biblical narrative, I am now able to recognize many an item of behaviour there recorded as something I myself have seen" (soos aangehaal deur Lang 1984:159). Ook die belangrike Engelse antropoloog Evans-Pritchard (1956:vii) het gelykwaardige ervarings: "When, therefore, I sometimes draw comparisons between Nuer and Hebrew conceptions, it is no mere whim but is because I myself find it helpful, and I think others may do so too, in trying to understand Nuer ideas to note this likeness to something with which we are ourselves familiar without being too intimately involved in it".

Tweedens, word inligting in die Hebreeuse Bybel self ontgin as antropologiese materiaal. Een van die vroegste voorbeelde hiervan waarna reeds verwys is, is die ondersoek ("Enslavement and the early Hebrew lineage system") van Steiner (1954), lektor in sosiale antropologie aan die Universiteit van Oxford. As sentrale gedagte van die Josef-storie neem hy die gedagte dat verkoping as slaaf die einde van verwantskapbande beteken het. Die aan-Egipte-verkoopte Josef behoort dus nie meer tot die verwantskapgroep ("lineage") van sy vader nie. As sy seuns weer daartoe gereken wil wees, moet hulle aangeneem word. Om tot hierdie slotsom te geraak, beroep hy hom op die ondersoek van die Engelse sosiale antropoloog (Evans-Pritchard en Fortes) oor verwantskapsisteme in Afrika.

Ook Schapera, professor in sosiale antropologie aan die London School of Economics, hou in 1955. 'n lesing in Oxford oor die tema "The sin of Cain" (Schapera 1955). Hy gebruik inligting uit Afrika-verwantskapnetwerke om duidelik te maak waarom Kain deur God beskerm is eerder as om deur sy familie gestraf te word. Op die basis van vergelykende antropologie stel hy voor dat as die oordele en die moordenaar naby familie is, familiewraak onmoontlik raak. Een moontlikheid is om die persoon te verban

en dit gebeur met Kain (kyk ook Lang 1984:163; vir nog voorbeelde van sodanige antropologiese vergelykings ongeveer uit dieselfde tyd, kyk Patai 1947 en Field 1958).

Dit was egter veral gesigspunte uit die strukturalisme wat die vrugbaarste op Bybelse gegewens van toegepassing gemaak is. Gewoonlik word die name van Leach en Douglas as eerstes genoem wat dit onderneem het. Hoewel nie 'n strukturalis in die ware sin van die woord nie, kan die idees van Van Gennep (soos bekendgestel in sy pionierstudie *Rite de passage*, 1909) tog beskou word as 'n voorloper hiertoe. Van Gennep se belangrikste bydrae is daarin geleë dat hy die teorie propageer het dat die lewe van enige individu beskou kan word as 'n reeks oorgange ("rites of passage") van die een lewensfase in 'n volgende. Hierdie oorgange is die prominentste gedurende die kritiekste lewenstadia, soos geboorte, puberteit, huwelik en dood (Van Gennep 1960:2ev). Gemeenskaplik tot al dié oorgange is 'n drieledige struktuur: afskeid van die bestaande fase, inlywing in 'n nuwe fase, met 'n liminale fase tussenin. Van Gennep lê hiermee die fondament vir die moderne belangstelling in rituele en simboliese studies (kyk bv die studies van Kruger 1995, 1996). Verla die vindingryke uitbreiding van Van Gennep se teorie deur Turner (kyk veral sy 1967 en 1969 studies en 'n bespreking daarvan deur Deflem 1991) het 'n belangrike invloed uitgeoefen in die opkomende belangstelling in rituele studies, ook wat die Hebreeuse Bybel betref (kyk bv Cohn 1981, wat 'n toepassing maak van Turner se teorieë oor liminaliteit en oorgangsrites in die woestynverhaal van die Pentateug en die 1994-volume van *Semeia* [kyk McVann 1994] wat aan rituele studies gewy is). Benewens die feit dat Van Gennep dan as 'n "proto"-strukturalis gereken kan word, was hy ook een van die eerstes wat sy teorie op Bybelse gegewens van toepassing gemaak het. Hoewel hy net een keer die Hebreeuse Bybel as illustrasie-materiaal nadertrek (die uittrek van die sandaal in Deut 25:9 wat hy as 'n "rite of passage" beskou), en dit by dit alles net in 'n voetnota (Van Gennep 1960:144), is wat van belang is dat hy as antropoloog sy vergelykende net so wyd span dat dit ook die Hebreeuse Bybel insluit.

4. DIE HEBREEUSE BYBEL EN DIE VERGELYKENDE AN- TROPOLOGIE

Uit die enkele voorbeelde waarna bo verwys is, het duidelik geblyk dat antropologiese studie wesenlik vergelykend van aard is. Dis dan ook met reg dat die Britse antropoloog

Nadel (1951:13) beweer dat die antropologiese dissipline “wedded” is met die aspek van vergelyking: “We study variations ... and correlate them so that from them general regularities may emerge” (Nadel 1951:222). Herodotus, wat allerweë beskou word as die vader van antropologie (kyk Nippel 1990; Schlesier 1994), het al van die strategie van vergelyking gebruik gemaak, hoewel, soos bekend, hierdie waarnemings nie sonder vooroordele geskied het nie. Vergelyk, byvoorbeeld, die volgende:

Oaths are taken by these people the same way
as by the Greeks except that they make
a slight flesh wound in their arms (I. 74)
The Lydians have very nearly the same customs
as the Greeks except that they do not raise their
girls in the same way.

(I.94; voorbeelde kom uit Smith 1978:248)

In die studie van die Hebreuse Bybel in die besonder bly die verhouding tussen die Bybel en die materiaal wat vir vergelyking bygehaal word, problematies. Op vroeë soos: hoe wyd (kultureel gesproke) mag na vergelykings gesoek word, wat mag vergelyk word: alleen totale kulturele sisteme of ook enkele kulturele items/institusies, hoe gemaak met die aspek van kulturele eiendomslikheid? Oor hierdie sake is daar geen eenstemmigheid nie. Reeds in die vroegste antropologiese benaderings tot die Hebreuse Bybel neem Robertson Smith en Frazer hulle toevlug tot vergelykings. Hulle verskil egter wat spektrum betref. Robertson Smith bestudeer die Semitiese religie alleen aan die hand van bronne uit die ou Nabye Oosterse wêreld (veral die Arabiese wêreld). So ’n wyse van vergelyking, wat alleen opereer met bronne uit dieselfde geografiese gebied, kan volgens Malul (1990:13) “historiese vergelyking” (“historical comparison”) genoem word. Marc Bloch beskryf dit as: kulture “lying within a given historic stream” (soos aangehaal deur Talmon 1978:326). ‘Dit behels, volgens Bloch, dat “... the units of comparison are societies that are geographical neighbours and historical contemporaries, constantly influenced by one another” (Talmon 1978:325). Die wyse waarop Frazer daarenteë te werk gaan, kan tipeer word as “the comparative method on the grand scale” (Talmon

1978:322). In teenstelling met Robertson Smith, versamel hy sy vergelykende voorbeelde uit so 'n wye verskeidenheid "primitiewe" kulture as moontlik in sy soeke na oorblyfsels van vroeë stadia van religieuse opvattinge by die Israeliete. Hy stel die uitgangspunt dat dit gereverdig is om kulture wat geografies en kronologies ver van mekaar verwyderd is, met mekaar te vergelyk omdat dit as basis het "... the assumption of a universally underlying spiritual unity of man ..." (Malul 1990:14; kyk ook Hahn 1954:54). Malul noem hierdie tipe benadering "typological comparison" (Malul 1990:14).

